Heilbron
# Herald

If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.

WEEK 13 Deel 111
VRYDAG - 3 APRIL 2020

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

NOU IN DIGITAAL GEDRUKTE FORMAAT

# Sassa grants paid out - Now stay Home




"Residents that don't comply with the national lockdown will be dealt with" and that's the message that the Station Commander of the SAPD, Col. John Mokhethi, told Heilbron Herald during an interview on Wednesday. The collecting of Sassa grants and end of the month shopping, made it difficult to enforce the lockdown, but as from today he urge residents to "STAY at HOME" or face the consequences. Parents need to take responsibility not to let children play in streets, as it is for everybody's own safety. Only leave your house when it's really necessary. The businesses selling essential needs are complying with the lockdown. No business was closed down yet and are being closely monitored. The Army will not be deployed in smaller towns, but as need arises it might be done. There was a problem with refuse removal in the Vegkop suburb but it was sorted and refuse will be removed as scheduled, the Herald was told by Mr. Francis Moeketsi from Ngwathe.

On the positive side, according to Col Mokheti, is the crime rate at an ultimate low and hope to stay like that, however asking residents to be on the alert that petty crime might become a problem later. There was a housebreak incident in the Pierce Street vicinity, where a speaker was stolen out of a Lapa on Wednesday night.


## They care for the needy



An initiative was started by a group of concerned Phiritona residents to take food parcels to the needy. In conjunction with the ward councilor, they are distributing it to families in need, who have more than 2 children and are depending on social grants. a Facebook post by Muhammad Archaar on the site of Heilbron Herald, also mentioned three young local ladies that donated parcels. The reaction was phenomenal as people shared this gesture on Facebook. More donations were to follow. People were asked to not donate money, but rather buy a food parcel worth R310 at Leo's Supermarket. The parcel is made up of necessities for a household during the Covid-19 pandemic. In the photo alongside, the first twenty parcels was collected and waiting for the councilor to be delivered.

KORONAKENNIS
HULPLYN 080 002 9999
WHATSAPP 060 012 3456
Toon u sekere simptome?
Skakel die hulplyn EERS, daar sal u die nodige inligting verkry!
Moenie direk na die kliniek of hospitaal gaan voor u nie deur die hulplyn daarheen verwys is nie!

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2006/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za
BKB LOUWID

# Huis- en Tuinboulede kuier gesellig saam

Die Heilbron Huis- en Tuinbouklub het hul maandelikse vergadering in die pragtige tuin van Marisa van Rooyen op Woensdag, 18 Maart 2020, gehad. Om die oggend mee af te skop het die talentvolle Me. Ansie Greeff, van Edenville, die dames vermaak met die speel van haar Kanadese autoharp. Die musiekintrument tesame dromme, tamboryn en 'n mondfluitjie word gelyk deur haar alleen beman en gespeel. Mari Myburgh en Carol Snyman het die dames geinspireer om blomme, loof en/of takke uit jou tuin tot die vaas , op jou tafel te bring. Hulle het ook die praatjie gelei en gedien as gaspreeksters vir die vergadering. Soos Mari verduidelik met blommerangskikking is smaak die belangrikste en jy kan nooit verkeed gaan nie. Elke persoon se smaak is eie aan hom/haarself – niemand se huis is tog dieselfde nie. Met enige rangskikking moet blomme in water wees. Vir voorbereiding moet oase, 'n rukkie voor dit gaan gebruik word, in genoeg koue water geplaas word sodat die oase die water kan opsuig. Die geheim is om nie die oase af te druk in die water nie, omrede dit dan aan die kante seël en die binneste gedeelte nie genoegsame water insuig nie. Oase moet ook nie omgedraai word nie. Oase word gewoonlik binne-in 'n plastiese bakkie geplaas, wat met 'n rekkie aan weerskante vas gehou word. Oase moet nie gelyk met die bakkie se rand wees nie maar effe bo uitsteek om die rangskikking beter te laat vertoon. Indien jy 'n snoeiskêr het en jou "mechanics", soos genoem, reg is van die begin af, kan jy met gemak jou rangskikking begin. Om jou rangskikking nog beter te vertoon, lig jou rangskikking in 'n houer of staander, dit gee meer beweging deur. Werk altyd van die middelpunt af. Die middelste blom/loof se lengte moet twee en halwe keer jou bakkie se breedte wees – dit verseker 'n goeie balans. Werk altyd agtertoe ook met jou rangskikking. Indien jy met groot blare rangskik gee dit 'n rustige gevoel, waar baie fyn blomme 'n besige gevoel weergee. 'n Kombinasie van albei is dus 'n goeie rangskiking. Vlasblare is aan die dames uitgedeel en Carol het verduidelik hoe maklik 'n "blom" gevleg kan word, wat ook in 'n rangskiking gebruik kan word. Die vlasblaar is in die helfte gedeel en elke stuk is weer verdeel. Die eerste gedeelte van die blaar word omgevou en die res van die oorblywende blare word deur gevleg. Die proses word herhaal totdat al die blare gevleg is, wat 'n pragtige intressante "blom" vorm. Nog 'n goeie wenk vir jou huis is om potjies vol kruie te pluk, die mooi rangskikking in jou huis te plaas, en gebruik soos nodig tydens die kosmaak proses. Die nuutste tendens is om vrugte saam met blomme te rangskik. Die oopgesnyde Dragon Fruit is 'n pragtige vrug om saam met vetplante te rangskik. Gebruik vrugte veeldoelig in 'n rangskikking en die volgende dag in jou slaai. Carol wys aan die dames 'n pragtige voorbeeld waar in sy growwe sout saam met die rangskiking gebruik. Klippe, wat opgetel word by die see, kan produktief aangewend word deur hul met enige reukolie (bv. roosolie) te smeer. Druk 'n enkele Aspidistra blaar en Anthurium tussen die klippe in en sodoende het jy kleur en 'n heerlike aroma in die vertrek. Dames is aangespoor om kreatief en uit die boks te dink. Alles wat oortuigend gedoen word is reg. Me. Ansie sluit dan ook 'n baie inspirerende oggend af met twee pragtige musiekstukke.



*Dames besig om die "blom" te vleg met die vlasblaar.*



*Die gevlegde "blom" in 'n rangskikking gebruik.*



*Me. Ansie Freeff met die Kanadeese auotoharp en ander intrumente.*



*Ansie Greeff (Musiekant), Gerda Pieters (Bestuurslid), Carol Snyman (Gasspreekstre) en Mari Myburgh (Gasspreekster).*

# Plant 'n Spekkie

Op 19 Februarie is die eerste post opgelaai op Die Voortrekkers se Facebookblad vir die "'n Plekkie vir 'n Spekkie" kompetisie.

Die Heilbron Voortrekker komando ondersteun ook hierdie spekboom inisiatief en verskeie foto's is al deur die gemeenskap en Vootrekkers ingestuur. Die Voortrekkers het hierdie kompetisie geloods waar mens nie net die omgewing kan help nie maar boonop is daar groot pryse ook te wen.

In slegs 4 stappe kan enige iemand deel neem aan die kompitisie.

1. Bekom 'n spekboom/steggie en plant op 'n geskikte plek.

2. Neem 'n foto van die spekkie en tuinier/s.

3. Voltooi die aanlyniskrywingsvorm vir die Facebook kompetisie of kontak Lizane van Zyl (vir die Heilbron gebied) by 072 523 8581 met jou foto en besonderhede.

4. Help bewaar die aarde en staan 'n kans om te wen. Die foto met die meeste likes op facebook kry eerste prys - R2000 kontant en R1000 Voriemôl geskenkbewys. Die mees kreatiewe foto kry tweede prys – R700 kontant en R500 voriemôl geskenkbewys.

Daar is ook 'n spesiale prys wat slegs vir voortrekkers is en die kommando met die hoogste persentasie inskrywings kry R1 000 kontant en 'n R1000 voriemôl geskenkbewys.

Statistiek deurgegee op 20 Maart op Die Voortrekkers se Facebookblad staan Port Elizabeth in eerste plek met 32%. Tweede plek is gesamentlik aan Pretoria en Upinton met 15% en derder plek aan Bethlehem met 4%.

Die kompetisie sluit die 18de Mei 2020 en die bekendmaking van die wenners sal na 22 Mei 2020 plaasvind.

**Hoekom 'n Spekboom?**

'n Spekboom, ook bekend as olifantskos bevorder die gehalte van die lug wat ons inasem en kan help met die klimaatsverandering wat ons deurgaan. Met sy groen, sirkelvormige blare het die boom die vermoë om tussen vier en tien ton koolstof per hektaar in te neem en in die grond te berg. Die oortollige koolstof in die atmosfeer is egter verantwoordelik vir aardverwarming.

Hierdie eg Suid-Afrikaanse plant is geskik vir alle seisoene en is aanpasbaar vir enige tuin. Met vetplant karakter eienskappe, blaartjies wat van die spekboom afval sal ook in die regte omstadighede worteltjies begin maak en groei. Die plant kan oorleef met slegs 250-350 mm water per jaar en word as waterwys geklassifiseer.

Die spekboom het nie net 'n positiewe invloed in die natuur nie, maar kan ook deur die mens geëet word. Dit word in tye van nood as 'n voedselbron aangewend en is ook geskik om in slaaie te gebruik. Dit word tradisioneel gebruik om uitputting en dehidrasie te behandel in die Karoo en los 'n suur sitrusagtige smaak agter.










DONT DELAY
SHOP NOW
SAVE TODAY
31 March - 5 April 2020
The Dish that does it all
COOK STORE WASH FREEZE
SHOP GET A STICKER FOR EVERY R100 YOU SPEND.
COLLECT FILL YOUR COLLECTOR CARD WITH 15 STICKERS.
SAVE 55%
PYREX
Promotion starts 10 March and ends 14 June 2020. Completed collector cards can be redeemed until 28 June 2020.
SPAR
SPAR
Rama Original 70% Fat Spread Brick 500 g 17 99
Crosse and Blackwell Tangy Mayonnaise 750g 23 99
Lancewood Cheddar, White Cheddar, Gouda or White Gouda Cheese 900 g 89 99 each
Futurelife Smart Food 500 g 29 99 each
Nivea Roll On for Men or Women 50 ml BUY ANY 2 FOR 30 00
Protex Soap 150 g BUY ANY 3 FOR 27 00
Colgate Maximum Cavity Protection, Herbal, Herbal White or Gel Toothpaste 100 ml BUY ANY 2 FOR 22 00
Milo Cereal 450g or Milo Duo Cereal 400g 32 99 each
SPAR Super Maize Meal 10kg 49 99
Bobtail Dog Food (incl. Puppy) 5,5 kg/6 kg/6,5 kg/7 kg/8 kg 119 99 per pack
*Maximum of 10 e-Coupons per customer, for each SPAR Rewards product featured.
SJ40843
Specials available at selected SPAR, SUPERSPAR AND KWIKSPAR stores, while stocks last.
We reserve the right to limit quantities. Prices include VAT.

# WEEK 1



So is week 1 van ons grendeltydperk amper verby. *We are getting there*. Wel, vir sommiges. Ander, so blyk dit, steur hulle min aan hierdie bevel. Want dit is wat dit is: die president het beveel dat ons soveel as moontlik tuis moet bly.

Op die eerste dag het dit soos Desembervakansie gevoel: ons straat is redelik besig, maar in Desember is die hele Pretoria mos in KZN vir die vakansie. Dan is dit so stil jy kan jou tent in die middel van die straat opslaan en net een keer elke 8 uur die een kar wat in die straat is, om jou tent navigeer.

Namate die dae aangegaan het, het die verkeer ook toegeneem.

**DAG 1**

Synde Saterdag, stap ek in die tuin en bekyk die oerwoud vol tamaties wat die hele wêreld vol groei. Langsaan is die jaartsboontjies. Dis maar gewone groenbone wat op steroïede is, want dit word amper 0,9 meter lank, soos 'n outydse jaart. Langsaan staan vier ander plante, kortdaat besig om uit hulle nate te bars. Aanvanklik het ek gedink dat dit komkommers is, want dit is wat ek geplant het. Ek maak PlantSnap, 'n toepassing op my slimfoon, oop. Met die neem van 'n foto waar die blare van die plant baie duidelik sigbaar is, vertel die foon vir my dat hierdie vier plante toe nie komkommers is nie, maar papajaplante. Hoe op aarde? Ek pluk al die tamaties en maak die lekkerste tamatieblatjang.

**DAG 2**

Ons het twee oulike Labradors wat by ons kuier terwyl hulle mamma en pappa tydens grendeltyd elders is. Met die aanbreek van dag 2 is hulle nie meer so oulik nie, want hulle het deur die nag hulle bed begin opeet. Die stoep lê gestrooi van lappies, garing en donse. Ek sit vir twee ure buitekant op die stoep waar ek die hondebed regmaak. Met dik naald en blou garing.

**DAG 3**

Die dominee van ons Oos-Vrystaatse gemeente stuur vir ons 'n skakel om na 'n preek te luister aangesien ons nie kerk toe mag gaan nie. Later eet ons en rus soos wat mens moet doen op 'n Rusdag.

**DAG 4**

Werk moet ons werk, al is dit nou van die huis af. My goeie man rig vir hom 'n werkstasie in op die eetkamertafel en ek kry die lessenaar in die gastekamer. Later met middagete kom ek agter dat die vars brood wat ek gekoop het, op is. Ons mag seker winkel toe gaan wanneer dit baie ernstig is, maar ons besluit om nie kanse te waag nie. Ek gebruik my middagetetyd en knie vir ons 'n heerlike Kitkebrood. Ek heg die resep hieronder aan. Dis regtig lekker en bly vir tot 5 dae vas en sag.

**DAG 5**

Wasgoed in die wasmasjien. Terwyl dit was, gaan ek solank aan met my regte werk. My ma wil weet of ons nie nou lekker tuinwerk doen nie. Nee, want ek het nie groen vingers nie en ons werk nog steeds. Al wat gebeur het, is dat die kantoor nou verskuif het. Wasgoed opgehang. Met middagetetyd word die badkamer, gang, hoofslaapkamer en my "kantoor" se vloere skoongemaak. Ek raak al hoe moeër…

**DAG 6**

Die nuutste Cosmopolitan tydskrif het 'n simkaart vir 7 dae se gratis internet in. En 'n klein parfuummonster (Yves St Laurent nogal) sowel as 'n klein sakkie onderlaag. Ek het sommer drie tydskrifte vir grendeltyd gekoop, vir in geval ons dit gaan nodig kry. Na aandete gaan lê ek en maak my reg vir 'n heerlike lees. Kom ons volstaan maar net met die volgende: Cosmopolitan is nie meer die tydskryf wat ek 15 jaar gelede laas gelees het nie. Daar is geen enkele interessante artikel in nie. Dit handel oor mode, Instagram, TikTok, skoonheidsmiddels, snaakse naels en lelike kapsels. Dalk het ek net intussen te oud geword daarvoor.

Dag 7

Week 1 is amper verby en ons is nog almal min of meer by ons positiewe.

Ons het darem nou tamatieblatjang en brood, ons honde se bed is heel, die huis is (relatief) skoon en die wasgoed gewas. Intussen ry daar meer karre rond en dit is asof mense nie meer so ernstig is oor die inperking nie.

Nietemin: hier is vir jou 'n resep vir Kitkebrood.

10g pakkie kitssuurdeeg
500ml louwarmwater
50ml heuning
2 eiers
1 ½ tl sout
65 ml gesmelte botter / margarine
Ongeveer 1,5 liter koekmeel.

Meng die kitssuurdeeg, louwarmwater, heuning, eiers, sout, gesmelte botter en 500 ml van die meel. Voeg die res van die koekmeel geleidelik by totdat jy 'n sagte deeg het. Knie vir ongeveer 5 minute totdat die deeg glad en elasties is. Plaas in 'n bak wat met meel bestrooi is en laat rys tot twee keer die volume. Knie dit af. Deel die deeg in ses min of meer ewe groot stukke. Rol elke stuk in 'n lang, dun wors, so 40 cm lank. Neem drie van die repe deeg en vleg dit. Doen dieselfde met die ander drie repe deeg. Plaas in 'n groot gesmeerde broodpan of oondpan. Laat rys tot dubbel die volume. Smeer die bokant met 'n mengsel van 1 geklitse eier, 15 ml water en so tsjirtsie of twee heuning. Bak vir 30 - 40 minute by 170˚C totdat dit bo effens bruin is en die brood hol klink as jy daarop klop. Keer dit uit en laat effens afkoel voordat jy dit geniet.

Daar is nog minimum twee weke oor. Was jou hande, wees dankbaar en geniet die huismense.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

**NG SUID**
Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

**GEREFORMEERDE KERK**
Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

**AGS, PLEINSTRAAT 72**
Eredienste - Kontak u pastoor vir enige navrae.

**CHRISTUS GEMEENTE**
Eredienste - Kontak u pastoor vir enige navrae.

**AP-KERK**
Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

**METHODIST CHURCH**
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
Eredienste - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Kontak pastoor.

**EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)**
**Navrae:** Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Kontak Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
Kontak: P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

Heilbron Herald
GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz
Kontakpersoon
Petro Pretorius
082 325 1322

HEILBRON DIENSSENTRUM
*Breëstraat 57, Heilbron*
*• Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades



RIEMLAND MUSEUM
Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

# GEKLASSIFISEERD *Smalls*

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr 3 Apr. | 10 / 20 | 73% kans vir donderbuie |
| Sa 4 Apr. | 12 / 16 | 73% kans vir donderbuie |
| So 5 Apr. | 10 / 22 | Gedeeltelik bewolk |
| Ma 6 Apr. | 9 / 25 | Sonnig, warm |
| Di 7 Apr. | 11 / 23 | Sonnig |
| Wo 8 Apr. | 9 / 21 | 52% kans vir laatmiddag buie |
| Do 9 Apr. | 9 / 24 | 43% kans vir ligte buie |
| Vr 10 Apr. | 10 / 25 | 36% kans vir donderbuie |
| Sa 11 Apr. | 11 / 23 | 40% kans vir reën |
| So 12 Apr. | 11 / 24 | 37% kans vir donderbuie |
| Ma 13 Apr. | 11 / 24 | 38% kans vir donderbuie |

# KENNISGEWINGS

### FORM JJJ
### LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T 10259/1996 passed by 1. ESTATE LATE DAVID BENJAMIN NAUDE AND 2. CATHARINA CAROLINA ELIZABETH NAUDE in favour of MERLEWOOD TRUST TMP 4003** in respect of certain **ERF 1110 HEILBRON (EXTENSION 15) DISTRICT HEILBRON PROVINCE FREE STATE IN EXTENT: 2145 (TWO THOUSAND ONE HUNDRED AND FORTY FIVE) SQUARE METRES** which has been lost or destroyed.
All interested presons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at HEILBRON this 1st day of APRIL 2020.
**APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADDRESS 40 KERK STREET, HEILBRON 9650**
**E-MAIL: aktesa@corven.co.za**
**TEL: 058 8522035**




# JAARBEPLANNER 2020

**MEI**
**2 Mei** AGS Kerk - Kermis
**8 Mei** NG Moedergemeente Visete
**13-15 Mei** Hoërskool Heilbron Revue
**26 Mei** Bloedskenk NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30

**JUNIE**
**6 Jun.** AP Kerk - Basaar
**26 Jun.** AGS Kerk - Pannekoek verkoping

**JULIE**
**25 Jul.** AGS Kerk- Potjiekos
**28 Jul.** Bloedskenk - NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30
**31 Jul.** BoereTreat


**AUGUSTUS**
**1 Aug.** BoereTreat
**11 tot 14 Aug.** NAMPO

**SEPTEMBER**
**22 Sept.** Bloedskenk - NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30
**29 Sept.** Blyweesfees - NG Suidgemeente

**OKTOBER**
**31 Okt.** AGS Kerk - Pik-en-Proe ete

**NOVEMBER**
**24 Nov.** Bloedskenk - NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30

# DIENSTE




**VIR SNY-, HARK- EN BAALWERK.**
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685**

Latest Releases
*Late-Nite Video*
Heilbron
Maleficent 2
Dora and the Lost City of Gold
Joker
47 Meters Down
Gemini Man
Kerkstraat 42 C/42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com**

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

## KORONATOETS

| | |
|---|---|
| Het jy 'n hoes? | 1 |
| Het jy verkoue? | 1 |
| Het jy diaree? | 1 |
| Het jy 'n seerkeel? | 1 |
| Het jy lyfseer? | 1 |
| Het jy hoofpyne? | 1 |
| Het jy 'n koors? (hoër as 37.8˚C) | 1 |
| Sukkel jy om asem te haal? | 2 |
| Is jy baie moeg? | 2 |
| Het jy gereis in die afgelope 14 dae? | 3 |
| Reis jy gereeld in Covid-19-besmette gebiede? | 3 |
| Het jy kontak met iemand wat 'n besmette persoon versorg? | 3 |

Merk die punt wat langs die vraag staan en tel dit bymekaar
**UITSLAE**
**0-2** Lae risiko, dit kan stresverwante simptome wees
**3-5** Hidreer en pas persoonlike higiëne toe. Hou jouself dop
**6-12** Kontak u dokter
**12-24** Skakel die COVID-19 noodlyn: 080 002 9999
of
Gaan kyk ook na die aanlyntoets by **https://t.co/xFzlqsGaeB**

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

**AANDAG BOERE**
**VKB CASE WERKSWINKEL**
**RINGERSTRAAT 16 HEILBRON**
**Kontak MJ Lourens**
**079 696 2459**

VEISSENTRAAL
Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT
*Koopkrag gewaarborg*
Kontak ons bemarkers

**P.J. MÜLLER**
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker



**CORJAN DE JAGER**
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside



**FANIE VAN DER MERWE**
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville



**DAVID GERBER**
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn



**GERHARD HARTMAN**
082 550 2054
Villiers
Grootvlei



**HUGO GROENEWALD**
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville



**IAN GROBBELAAR**
060 965 6207
Afslaer



**AANDAG: Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**


# In die eg verbind



*Johané Keogh, oudste dogter van John en Rita Keogh, oudleerling van Eendracht Volkskool Heilbron, is op 14 Maart 2020 in die huwelik bevestig met Gerhard van Tonder, oudleerling van Hoërskool Heilbron. Gerhard is die seun van Cobus en Rina van Tonder. Beide ouerpaartjies is bekend aan Heilbron inwoners. Die seremonie en onthaal is gehou by Lions Lake naby Frankfort. Die paartjie vestig hulself in Moreleta Park, Pretoria. Johané gaan voort as onderwyser by 'n privaat kleuterskool en Gerhard werk as strukturele tekenaar by 'n ingenieursfirma.*

# Heilbronner op werklikheidsreeks

Antonio Angelo Pienaar is 'n 27 jarige professionele model en sakeman en eie aan die Heilbron gemeenskap. Hy het onlangs aan 'n werklikheidsreeks genaamd "Trap! Dis My Huis!" deelgeneem wat op VIA (DStv 147) uitgesaai is en vrygestel is op 16 Januarie 2020. Zoë Brown en Amalia Uys het die program aangebied waartydens 50 vreemdelinge 'n klein tweeslaapkamer huis moes deel wat toegrus is met kos, toiletware en beddegoed vir slegs twee mense. Elke deelnemer kon slegs 'n beperkte grootte krat saamneem en slegs vier uitrustings was toegelaat waarby slaapklere en warm klere ingesluit is. Daarby kon jy twee stelle onderklere saamneem, of 'n ektra paar kouse indien jy nie 'n bra benodig nie. Verder kon elkeen voorskrifmedikasie, 'n tandeborsel, 'n pak sigarette en grimering saamneem. Deelnemers was belet om handdoeke, waslappe of toiletware saam te neem, aangesien die produksiespan die nodige sou verskaf. 'n Kam of borsel was ook toegelaat, maar sonbrille en hoede was 'n taboe. Antonio is as gevolg van sy modelwerk gewoond daaraan om vir weke lank met die minimum in 'n tas klaar te kom en het alles by hom gehad wat hy nodig het. Indien hy iets in sy krat kon uitruil, sou dit definitief sy swembroek wees vir 'n handdoek. Die huis moes gedeel word vir 'n tydperk van drie weke met R1 miljoen rand op die spel vir die wat die langste in die huis agterbly. Dit was nie net die beproewing om saam te leef nie, maar deelnemers kon mekaar uitstem en verskeie speletjies was aangebied om jouself veilig te maak van eliminasie. Die program is steeds aan die gang en Antonio is saam met Lally van Montana uitgestem, slegs drie episodes vanaf die finaal, in episode 10 deel met 14 mense oor. Na sy opinie was die huis van dag een af 'n malhuis, maar oor die algemeen groot pret. Hy vertel dat kos nie net min was nie, maar ander goed soos ligte wat permanent aan was, was sieldodend. Nadat die eerste koekie seep klaar was, moes die deelnemers met skottelgoedseep klaarkom. Soms het die inwoners uit pure verveeldheid gebad of gestort "en almal het basies met dieselfde twee handdoeke daagliks hande, hare en nate afgedroog". In die oggende kon jy kies om bitter, flou swart tee te geniet met suikervrye mieliepap. Antonio vertel dat hierdie tipe eskapades die "konkryt in jou ken" goed uittoets. Antonio was elke rondte in die eliminasiegroep en moes sy strategie gereeld aanpas om geld te wen vir die boerpot om homself veilig te maak – wat hom 'n groter teiken gemaak het, omdat hy goed was daarmee. Die deelnemers het geweet Antonio sou nie self "trap" en die huis verlaat nie, maar hy was nie bereid om leuens te vertel vir 'n beter spel nie. Hy wou homself nie met sulke tipe eienskappe vereenselwig nie, nie eens vir 'n spel nie. Kort voor Antonio uitgestem is, was daar 'n spel om weer geld in die boerpot terug te sit en ander items te wen. Hy het meer as R20 000 vir die huis terug-gewen, maar die gebaar het hom nie beveilig nie en Antonio is daarna uitgestem. Indien hy dit tot die einde sou maak, sou hy die geld gebruik om in sy drie besighede te belê en die tydperk om sy doelwitte te bereik te versnel. Hy sou wel vir die lekker die geld gebruik om vir hom 'n trampolien te koop. Ongelukkig het dit nie so uitgedraai nie, en wens Antonio die boerpot vir Blue of Marike toe, veral Marike, weens hulle 'n nabye vriendskap gebou het en glo sy is oor die algemeen "'n solid human being". Die tyd in die huis was vir hom baie uitdagend in die sin daarvan om ingeperk te moes leef en 'n lang tyd weg van groen gras en vars buitelug te wees. Anders as die tekort aan sout, het hy die spel geniet en om te sien hoe ver die harde omstandighede spelers buite hulle gemaksone dryf. Dit is belangrik om te weet waarvoor jy jouself inlaat en te verstaan waartoe mense in staat kan wees. Die spel is uiters fassinerend en die "meltdowns", trane en bakleiery het regdeur elke episode sover mense se aandag behou.



*Antonio saam met Lally, sy medespeler, by die naaste restaurant waar hulle, nadat hulle uitgestem is tot laat gekuier het, om op te maak vir al die rooivleis en koek wat hulle vir amper drie weke nie kon geniet nie.*







# Need to know Tokollo Hospital

**FACILITY RESTRICTIONS**

• No visitors allowed at the institution until 21st April 2020 (pending review) – To eliminate and control the spread of the virus and for contact tracing management.

• Only 1 person is allowed to accompany a patient falling within these categories:

* Elderly * Children * Disabled * Mental health patients

* Very ill patients.

• No patients allowed to visit health facilities (Clinics and Hospitals) if they suspect that they might have contracted COVID-19.

• Patients who suspect that they have symptoms of COVID-19 or need to enquire about COVID-19 they must call National and Provincial hotline numbers for screening.

* NICD hotline 0800 029 999 * Free State hotline 0800 53 55 54.

**CONTACT TRACER TEAMS**

• Contact tracing – it is identification and follow up of persons who have/ might have come into contact with a person infected with a communicable disease/ infectious disease.

**CONTACT TRACERS IN HEILBRON/ EDENVILLE/ KOPPIES**

• Focal person: Me. B. Pitso (Local Area Manager) - 083 661 8707 - 067 771 7777

• Me. E.S Nlhapo (Infection Prevention Control Coordinator - Tokollo) – 079 732 7266

• Mr. M.A Nkili (Environmental Health Practitioner- Tokollo) - 078 205 5935 – 058 853 5430

• Me. L. Molaba (Environmental Health Practitioner - Municipality) – 082 969 5112

Steps to be followed by contact tracers on a receival of a call from Person under Investigation (Suspected cases):

• Interview Person Under Investigation (PUI) over the phone according to the screening tool provided for COVID-19.

• If there is a need they will visit the PUI to make further assessment.

• If the PUI is meeting case definition of COVID-19 according to the screening tool swabs will be taken for testing and be transported to the laboratory for analysis.

• While awaiting results team members will regularly monitor PUI and provide health educate and isolation measures to be taken.

• Provide necessary PPE (face masks, red small plastic for disposal)

• Disposable thermometers will be provided to PUI for daily temperature monitoring.

• Results will be communicated to the PUI accordingly and further measures will be taken if results came back reactive for COVID-19.

Private Doctors are to assess patients and when they are meeting a case definition is when they will call contact tracers.

They are prohibited from sending patients to the hospital to limit movement and possible spread of the virus.

# "Time Gentlemen"

*• Tom Watson*

Tye is tans maar 'n moeilike ervaring!

Bykans die hele aardbol is onder "lockdown" – dit te wydte aan die Corona Virus.

Dalk het die mensdom die lesse van die verlede ter harte geneem en vroegtydig opgetree?

Onthou u nog die SARS virus (nie SA Revenvue Services nie) maar die ander een wat 'n 10 persent dodesyfer gehad het. Daarenteen staan die Corona se dodesyfer tans op 2 persent.

Die meeste van ons sal nie die Groot Griep van 1918 - ook bekend as die Spaanse Griep - outhou nie, of dalk gehoor van die Swart Dood of beter bekend as die Builepes.

Hierdie builepes se draers was vlooie op rotte en muise in die jare 1331!. Hongersnood het mense gedryf om hulle te eet.

Dit het ook in China ontstaan na 'n Mongoolse inval in die 13 eeu wat 'n afname in landbou en handel teweeg gebring het. In die 1330-tigs het 'n groot getal natuurrampe en peste tot groot hongersnood gelei. 25 miljoen Chinese en ander Asiate is dood voordat dit na 15 jaar Turkye se hoofstad bereik het in 1347. En daarna verder versprei het.

Dit daar gelaat, maar huidiglik neem dit maar 'n kort rukkie vir die Corona Virus om van China na Italia en selfs wimage003.pngreldwyd te versprei.

Die wimage003.pngreld se gesondheidsmasjinerie werk vining want tans is daar 'n wimage003.pngreldwye "lockdown" en medisyne om dit onder beheer te bring en die mensdom het besef dat die landbou nie beperk kan word om kos te produseer nie.

Die afgelope twee maande het meer mense wimage003.pngreldwyd gesterf aan padongelukke (195790), alkohol (363334), griep (90602), rook (721984) as aan die Corona Virus wat tans op sowat 17587 staan.

Die bogenoemde syfers laat my dink aan die jare toe die kroeimage004.png gesluit het om 10 uur die aand en rook ook nie vroulik was nie.

Daardie jare het mans nog 'n hoed gedra en 'n vrou hoflikheidshalwe gegroet deur die hoed te lig of raak. 'n Man het altyd sy hoed afgehaal sodra hy 'n gebou binnegegaan het. Vrouens het die mooiste hoede Sondae kerk toe opgesit!

As die kroegman gesê het "time gentlemen" het almal vining 'n laaste drankie bestel en vining afgesluk voordat die kroeg sluit! Sondae en Saterdagmiddae was drankwinkels gesluit!

Het die mensdom iets geleer uit die Corona Virus se aanslag? Hulle word voorgeskryf – "take multivitamins, and do daily things to support your immunesystem, proper hygiene and do not live in fear".

Die grootste virus is nie Corona nie maar "vrees" – "TIME GENTLEMEN"!




# Geen positiewe toetse

Met die wêreldsyfers wat daagliks styg is die Heilbron inwoners bekommerd dat die koronavirus Heilbron sal binne dring. Met 951 754 gevalle wêreldwyd aangemeld en reeds 48 318 dood is die ligpunt dat 202 844 herstel het van die virus. Goeie nuus kan aan die gemeenskap deurgegee word en daar is bevestig dat daar nog niemand in Heilbron positief getoets het vir die virus nie. Dr van Stryp en Dr Spies se kantore raai pasiënte aan om die gegewe NICD noodlyn te skakel indien hulle vermoed hulle het die virus en nie na mediese fasiliteite gaan en die virus aan ander bloot te stel nie.

Dit is belangrik om kennis te neem dat 80% van die COVID-19 gevalle matige simptome ervaar het van verkoue en nie hospitalisasie benodig het nie. Mense met 'n mediese fonds kan ook direk met Midvaal Drie Riviere kontak maak weens die virus daar getoets word in hierdie omgewing. Die Heilbron Dokters het nie die nodige toerusting om hier iemand te toets nie. Iemand moet egter ook eers al die simptome toon voor hulle getoets sal word vir die virus. Toetse word nie gedoen bloot omdat jy bang is jy het dit nie. Suid-Afrika se gevalle staan egter op 1380 met 5 stertes aangemeld. Daar is reeds 50 mense genees van die virus en laat die aktiewe gevalle daal tot 1325. Daar word herhaaldelik vir mense gevra om nabye kontak met mense te vermy en gereeld hande te was. Maak gereeld oppervlakte skoon waaraan daar baie gevat word en vermy om aan jou gesig te vat met ongewasde hande. Kontak NICD noodlyn 0800 029 999 of Midvaal Drie Riviere by 016 454 6000.

Talle mense in die omgewing pas aan by die inperkingsperiode se maatreëls en Huis bron van Heil laat geen besoekers by die gebou in nie. Mense word net tot by die deur toegelaat en slegs per noodsaak binne. Die bediendes wat by die woonstelle werk word ook nie meer op die perseel toegelaat nie en besoekers word streng gehanteer. Pakkies moet by ontvangs afgegee word waar dit verder gehanteer sal word. Slegs die personeel word toegelaat en namate al die gebeure is die inwoners baie gesond en niemand toon enige verkouetipe simptome nie.

# Plaas patrollies gaan voort



Dr Jane Buys, Veiligheidsrisiko-analis van Vrystaat Landbou (VL), het bevestig dat wit- en bloulig patrollies gedurende die nasionale inperkingstydperk ('lockdown') weens die Covid-19 virus voortgaan.

Enige wit- en bloulig operasies moet met die betrokke SAPD (Suid-Afrikaanse Polisiediens) stasiebevelvoerder gekoördineer word. Daar word verwag dat kriminele ongelukkig nie gaan ophou met hul bedrywighede nie en aangesien landbou 'n essensiële industriële sektor is wat voedsel moet verskaf, moet die polisie voortgaan met misdaadvoorkomings- operasies en patrollies in die landelike gebiede.

Landbouers wat aan operasies of patrollies deelneem, word versoek om slegs een of twee persone per voertuig te wees met inagneming van die saniteringsmaatreëls om individue te beskerm teen die moontlike oordrag van die virus. Daar word verder versoek dat landbouers nie in groepe by sekere observasiepunte bymekaar kom nie, aangesien dit die oordrag-risiko van die virus verhoog.



Herald Sport

# "Die dag toe oorlog moes stop vir rugby"

Tydens die doodsnikke van die Tweede Anglo-Boereoorlog, op 29 April 1902, is 'n skietstilstand tussen die Boer -en Britse magte gereël by O'Kiep in Namakwaland sodat 'n rugby-wedstryd tussen dié twee kan plaasvind.

Generaal Manie Maritz het aan Majoor Edwards, die bevelvoerder van die beleërde Britse magte in die Noord-Kaapse dorpie, op 28 April 1902 geskryf dat hy instem dat dié twee magte 'n rugbywedstryd teen mekaar kan speel.

Alhoewel sommige bronne melding maak dat die wedstryd nooit plaasgevind het nie, het ek afgekom op 'n toespraak wat die voormalige Hoof van die SADF, Generaal Jannie Geldenhuys gelewer het op 16 Augustus 2009, wat noem dat die wedstryd wel plaasgevind het.

Hy noem dat hy besoek afgelê het aan Manie Maritz, seun van die voormalige Boere-generaal Manie Maritz, wie formeel met sy Britse-eweknie 'n tyd & plek onderhandel het vir 'n rugbywedstryd by O'Kiep, en dat 'n skietstilstand sal plaasvind tussen 12:00nm en sonsondergang vir die wedstryd om gespeel te word.

In teenstelling tot die algemene opvatting dat die wedstryd slegs beplan was maar nooit 'n werklikheid geword het nie, noem Mr. Maritz dat sy pa bevestig het dat die wedstryd wel plaasgevind het - maar word ongelukkig geen meldinging gemaak van die finale telling nie, slegs dat almal hulself baie geniet het tydens die spel!

Dit was slegs 'n maand voor die einde van die Anglo-Boereoorlog, op 'n bitter afgeleë area in wat vandag die Noord-Kaap is, en kan mens indink dat hierdie manne, aan albei kante van die stryd, moeg was vir die gruwels wat gepaard gaan met oorlog, en sou so 'n rugby-wedstryd waarlik die moraal lig van almal wat betrokke was.

Alhoewel die eerste rugbywedstryd in Suid-Afrika al in 1862 plaasgevind het, is rugby na die Oorlog teruggeneem in die harte van die bevryde gevangenes, en het die bygedra tot die snelle ontwikkeling van die spel op eie bodem.

Tydens die 1906-1907 rugbytoer na Brittanje, slegs 4 jaar na die Oorlog, het Paul Roos gesê: "…hierdie toer sal by vêrre meer doen om die onstuimige waters van Suid-Afrika te kalmeer as jare se wetgewing".



## HEILBRON HERALD LOCKDOWN SHOW AND TELL

We would love to hear what our readers are doing to keep the lockdown blues at bay.

Please send us news of how you spend your days and feel free to include photos for CXPRESS to consider for inclusion in upcoming editions.

Email your lockdown low-downs to heraldnuus@heilbron.co.za, and remember to include your name and contact details.





